

29 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 31

My tye is in die Here se hand

Ons mense se tye is afgebaken. God het in sy wysheid die tyd van ons geboorte en die tyd van ons sterwe bepaal. In die grootste lewensgevaar het ons ook dan dié sekerheid: Ons tye is in die hand van die Here.

Dawid het ook hierdie sekerheid gehad. Bloeddorstige vervolgers het sy lewe benoud gemaak. Hy het hulle gehoor dreig en planne maak om sy lewe te neem. Hy was so benoud dat hy net aan hierdie gevaar gedink het – hy het as 't ware vergaan van angs. Hy het swak geword, sy krag was min en sy liggaam uitgeteer. Vir sy teëstanders was dit 'n rede om die spot met hom te dryf en vir sy bure en bekendes 'n rede om hom te verstoot en te verlaat. Hy het soos 'n weggooilap gevoel. En by dit alles het hy in sy angs gedink: die Here het my ook verwerp.

Maar in die verlede het die Here hom nie vergeet nie. Die troue God van die verbond was nie onverskillig teenoor sy nood nie. Hy het Dawid se benoudheid vroeër raakgesien en hom uit die mag van die vyand gered. Daarom kan en sal hy ook in hierdie benoudheid sy vertrouwe op die Here alleen stel. Wat ook al gebeur, sy tye is in die Here se hand.

Ons hemelse Vader het ook ons nood raakgesien en ons daarvan verlos. Jesus Christus het ons doodsgevaar op Hom geneem, sodat Hy van God verlate was. Ons sal nie weer verlaat word nie, want sy Gees is in ons. Al draai mense hulle rug op ons en dreig ander om ons lewe te neem, weet ons verseker: ons tye is in die Here se hand. Christus het in ons plek die grootste doodsgevaar gedra.

Sing: Psalm 31:1, 12

Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)